

Dagsê Alle belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Indien daar iemand is wat belangstel: Hier gaan dit nog goed. Dit gaan al moeiliker om 'n aleengesprek te voer en ek weet nie aldag of dit die moeite werd is om aan te gaan nie. Sleg 4 uit die bykans 100 mense wat die Februarie brief ontvang het van hulle laat weet.

Klok van die eerste Kerk op Kerkplein.

Ek het nooit geweet dat die eerste kerk op Kerkplein ook 'n klok gehad het nie. Omdat die kerk geen toring gehad het nie neem mens dadelik aan dat daar geen klok was nie. Groot was my verbasing toe ek 'n foto sien van John Robert Lys se huis op Kerkplein en eenkant is 'n hout stellasië [toring] met 'n klok. Die byskrif van die foto noem dat dit die kerk se klok was. [Pretoriana 74/75 bl 14]

Vandag iets oor die Ou Raadsaal op Kerkplein. Dit word ook soms die Goewermentsgebou of die Volksraadgebou genoem. Ons moet hier onderskei tussen:

- a. Die eerste Raadsaal, 'n grasdakgebou wat op dieselfde terrein gebou was.
- b. Die ou Raadsaal wat vandag nog daar staan en
- c. die nuwe Raadsaal in Pretoriusstraat.

Eerste Raadsaal

Wanneer die eerste Raadsaal gebou is kon ek nog nie met sekerheid vasstel nie. Bodel [p10] sê op 8 November 1859 is 'n kontrak met Frederik Botes onderteken om 100 vragte stene af te lewer vir die fondasies van die Goewermentsgebou. In 1864 is 'n kontrak gesluit met die bouers William Skinner en L.E. Devereux en in 1866 is die hoofdeel, insluitende die Volksraadsaal gebou.

Emms [p38] maak die volgende interessante afleiding. 'n Artikel in die Cape Argus van 1868 [ek dink dit moet wees 1858] maak melding van 'n klein geboutjie op die plek waar die eerste Raadsaal later gebou sou word. Dit het gedien as tydelike Goewermentkantore en is dit nie miskien waarvoor Frederik Botes se stene gebruik was nie. Dit dit moontlik ook gedien as Poskantoor.



Die is 'n foto van die eerste Raadsaal geneem ongeveer 1870. [Dit is die oudste foto wat ek nog kon opspoor.] Reg agter die Raadsaal aan die Weste kant is 'n klein grasdak geboutjie [eerste Goewermentkantoor?] met 'n klok wat op 'n stellasië gemonteer is en daar is ook 'n donkie aan vasgemaak. Dit is moontlik die klok wat gelui is as die pos aangekom en klaar gesorteer is en die donkies was moontlik gebruik as posdonkies om die pos te vervoer. [Emms p38].

Hier is nog geen reling om die stoep van die Raadsaal. Links op die foto is deel van die huis van John Robert Lys. Hier sou die Grand hotel later verrys.

Nog iets oor die posklok. Mnr. Morgan skryf [p31] : My vader was Francois Petrus Morgan. Een van sy pligte was om die klok te lui as die Zeederberg-poskoets op Kerkplein aankom. Die lui van die klok het alle inwoners na die Kerkplein gelok waar hulle hul briewe kom afhaal het. Die klok het in die groot Akkerboom gehang wat gestaan het min of meer waar tans die ingang van die Capitol-teater is.

Op 19 Julie 1864 het L.Vuyk getender vir die oprigting van die goewernmentsgebou maar sy tender is deur die Volksraad afgewys [Bre p309]. Skinner se tender is aangeneem maar dit kon ek ongelukkig nie opspoor nie. Hier volg 'n uittreksel uit Vuyk se tender: *WelEdell Heer Volksraad, Ik ondergetekenden zent myn tender in voor een goeferment gebou lang 112 voet en breed 20, het fondement te bouwen met klip 2 voet boofen den gront met klei gemetzelt metzelwerk, buiten muiren ten bouwen van gebranden steen 18 duim dik, lang zoo bepaald is, breed ook u bepaald heeft hoof 12 en ½ voet onder balken, den binnen muirren 9 duim dik alles klei gemetzelt, pleister werk van buiten met zand en kalk en van binnen met zant en beesten mist en alles goed aftenwitten.*

Krieket op die plein voor die Eerste Raadsaal

Hier het die jonheer Noble, nogal president Burgers se sekretaris was hy, 'n krieketbal deur die venster van die Raadsaal geslaan. Dit was in November 1873, toe die plaaslike boorlinge se Mother Country-kriekerspan teen South Africa gespeel het en pak gekry het.... en die wenspan het die Vierkleur laat hys en het 21 skote laat afvuur. [Mei p60]

Die Ou Raadsaal [tweede een op Kerkplein]

Die Ou Raadsaal is oorspronklik as 'n tweeverdieping gebou ontwerp deur S. Wierda. President Kruger het die hoeksteen gelê op 3 Mei 1889 en die gebou is in Desember 1891 voltooi. Telefone is in 1892 deur P.C. Paff geïnstalleer, en die kontrak vir die aanbring van elektriese ligte is aan die Delphos broers toegeken wat dit in 1896 voltooi het. Die klokke in die toring is in 1893 geïnstalleer.

'n Derde verdieping vir die ou Raadsaal

Die Raadsaal was reeds halfpad gebou toe daar besluit is om 'n derde verdieping by te voeg. Daar is verskillende teorieë oor hoekom die derde verdieping bygevoeg is.

Die volgende uit Meiring [p26]: Bouery was al ver gevorder, fundamente was voltooi, mure het reeds op plekke by die eerste verdieping gekom, sandsteensuile was reeds gemaak en dakmateriaal reeds van Europa verskeep.

Toe gebeur dit: Die President het te hore gekom dat die eienaars van die "Grand Hotel" hier op die plein regoor die Goewernmentsgebou in Markstraat 'n hotel gaan oprig met drie verdiepings! Grond, eerste en tweede; terwyl die regeringsgebou maar net grondvloer en een verdieping sou hê. Die toring en koepels van die Gouernmentsgebou was nou wel hoog en volgens sy argitek was die argitektuur verhewe bo die kommersiële sameflansing van langsaan, maar die President wou veilig speel: Hy soek en vind noodsaaklikheid vir nog 'n verdieping, loods dit deur die Volksraad en laat die argitek gou-gou 'n plan maak. 'n Saal vir die Tweede volksraad asook 'n tweede verdieping moes aan die halfvoltooide gebou bygevoeg word.

Die instelling van 'n Tweede Volksraad [1890] was 'n skielike skuif om die politieke druk van die *uitlanders* te probeer teenwerk. Tot 1890 was dit so dat immigrante na vyf jaar van verblyf in die Z.A.R. kon aansoek doen om te naturaliseer waardeur hulle volle stemreg sou kon kry. Na die ontdekking van goud en die gevolglike grootskaalse toestroming van *uitlanders* het die regering gevrees dat daar 'n getalle-oormag sou ontstaan wat kon beteken dat 'n vreemde Britsgesinde regering ingestem sou kon word. Die stemreg is dus so verander dat die *uitlander*

na vier jaar vir 'n tweede [ondergeskikte] Volksraad kon stem en eers na nog tien jaar vir die eerste Volksraad.

Of dit nou gegaan het om die hotel in hoogte te oortref of om meer staatsdepartemente en 'n tweede saal te huisves, die ou Raadsaal het vandag drie verdiepings.

Horlosie en klok van die ou Raadsaal

Die volgende kon uit Atkinson se boek oor die Pretoria Klub. [p30] [Bestaan die Pretoria Klub nog? En wat het geword van al hul boeke, papiere en fotos?]

Samuel Langhorn Clemens [better known as Mark Twain] was on 'n lecture tour of the world when he visited Pretoria. [ongeveer 1896] He was invited to supper at the Club. "Your town clock cost me a night's sleep and a darned good fob watch" he told the assembled clubmen with deadpan seriousness.

He was speaking to Pretorians who well knew that the Raadsaal clock is not like most others in the world because, at the half hour, it strikes the approaching hour and not that already done [it will strike 11 at 10:30 and not 10]

Clements, notoriously obsessed about time, said he heard the Raadsaal clock intone eleven and he put his expensive Hunter Repeater right by it before snuggling into bed at the Grand Hotel.

Thirty minutes later the Raadsaal Sounded twelve! Nonplussed, Clemens consulted his watch. It said 11:30. He set it forward to midnight and settled down to sleep. But this thing worried him and half an hour later when the Raadssal chimed twelve he sat up straight ens examined his Hunter. It now pointed to 12:30. He shook it, wound it, tapped it and put it back to midnight.

Back went his head upon the pillow but with one eye open and after thirty minutes the Raadsaal clanged once! The watch showed 12:30. And this he vowed, was how the night wore on until in the cold, grey light of dawn he flung the repeater over the balcony and gloated over its tangled remains on Church Square. Wolley Dod, who was there, tells us that with Mark Twain at the head of the table "a most amusing evening was spent."

Nog 'n stukkie geskiedenis oor die ou Horlosie

Hierdie kom uit die ongepubliseerde herinneringe van Mnr. C.A. Celliers, sekretaris van die Departement van Publieke werke soos aangehaal deur dr. Spies [p4].

In my P.W.D. days an official of the Inland Revenue Department, whose hobby was clocks, came to see me about the Raadsaal clock. He had somehow managed to get into the clock tower just to see how the clock worked. He told me that one of the clock's strikers had been tied by means of a piece of wire and asked why this had been done. I felt like saying: "Search me", but consulted Duncan Livingstone, our oldest Clerk of Works, and came across a most interesting bit of history. It appeared that during the occupation of Pretoria in 1900-02 Rudyard Kipling came to visit Lord Roberts. Kipling put up at the Grand Hotel next door to the Raadsaal. After his first night at the hotel he complained to Lord Roberts that the constant striking of a clock had grievously disturbed his night's rest. Prompt, rough-and-ready, military action was taken to ameliorate the lot of the distinguished visitor. This action consisted of fastening the half-hour striker by means of 'n lenght of wire. When I became aware of the facts I immediatele arranged to have the wire removed. And after a lapse of some forty years Pretoria once more heard the old clock striking the half hours. Apart from restoring the old clock to its full liberty I was satisfied that nobody would lose any sleep as a result threereof because there now is no residential accomodation adjacent to Church Square.

Hoe lyk dit Wanneer gaan die horlosie weer loop. Sal die **Hollandse [Afrikaanse] Horlosie** nie 'n baie interessante toeriste aantreklikheid word nie?

Uitleg van Kerkplein

Ek het nog altyd gewonder hoekom Kerkplein so 'n snaakse vorm het, rond aan die een kant en vierkantig aan die ander kant. Die verklaring het ek gevind in die boekie van Wallach [p11] Dr. Engelenburg was die oorspronklike ontwerper daarvan en hy het die plan gebaseer op die twee mees bekende pleine in die wêreld: die suidelike helfte ooreenkomstig die styl van Trafalgarplein en die noordelike helfte soos die Place de la Concorde in Parys.

Bronne

- * Atkinson, A.K.W. *Old Ivory and Roses*. Wallach's Printing and Publishing Co. Pretoria 1969
- * Bodel, J.D. *How Pretoria became the Seat of Government of the south African Republic in 1860*. Pretoriana nr. 32&33 April-Augustus 1960
- * Breytenbach, J.H. en Joubert, D.C. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke Transvaal No. 5* Cape times Parrow, Cape.
- * Emms, Merwyn. *The Post Office in Pretoria*. Pretoriana nr. 74/75 Maart-Junie 1987
- * Holm, Albrecht en Viljoen, Diedre. *Mure wat praat. Die Verhaal van die Ou Raadsaal en sy mense*. Chris van Rensburg Publikasies, Melville Johannesburg. 1993
- * Meiring, Hannes. *Pretoria 125*. Human & Rousseau. 1980
- * Morgan, C. *Herinnerings uit Oud-Pretoria*. Pretoriana nr. 3-4 Maart 1952
- * Spies, F.J. du T [dr] *Two Interesting Facts about the Old government Building*. Pretoriana nr. 61 Desember 1969
- * Wallach, I. *Die Volmaakte "Gentleman"* Die Volkstem. 1945

My Nuwe Belangstelling

Ek beplan om 'n Indeks te begin van artikels en berigte in ou koerante. My oorspronklike idee was om fotostate van ou koerante te begin versamel. So ver ek kon vasstel bestaan al die ou koerante slegs op mikrofilm. Die enigste plekke waar die mikrofilms gelees en afgedruk kan word is by die Staatsbiblioteek en Unisa. [Staatsargiewe het geen koerante] Unisa vra 35c per A4 bladsy maar daar is 'n addisionele fooi vir mense wat nie aan Unisa verbonde is nie. Die staatsbiblioteek var 60c per A4 bladsy maar hulle be-oog om die prys op te stoot na R1 per bladsy. Dit lyk vir my vreeslik interessant om die bladsye te nommer en in lêers te rangskik. Een van my broers het my "gelukkig" oortuig dat spasio baie gou 'n probleem sal wees. Waar stoor ek alles?

Toe begin ek na ander alternatiewe kyk. Ek het by die persoon uitgekom wat die koerante op mikrofilm sit. Daar kan ek 'n rol van 500 bladsy koop vir R250. Dit is ongelukkig nog nie op rekenaar beskikbaar nie. Om die film te lees het ek 'n mikrofilmleser nodig. Dit is egter baie duur en so skaars soos hoendertande. 'n Ander opsie is om 'n mikrofish leser te verander om 'n rol film te lees. Groot was my opgewondenheid toe een van my broers hier aankom met 'n mikrofish [ongelukkig sonder 'n gloeilamp]. 'n Paar dae later bring 'n ander broer nog sewe van die masjiene hier aan. Nou moet ek net uitvind hoe om dit te verander sodat 'n rolfilm daarmee gelees kan word.

Groete tot volgende maand.

Rosa Swanepoel